

1 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-15
Fokusgedeelte: Eksodus 3:2, 14

Die Here IS – hier teenwoordig!

Alleen in die woestyn met sy skape. Nee, nie alleen nie, selfs nie in die woestyn nie. Die waarheid, die werklikheid het Moses daar geleer. In die woestyn, 'n onherbergsame en onbewoonbare terrein, daar openbaar die Here die werklikheid. Ek IS. Die Here is lewend teenwoordig. Hy wat in die hemel woon (vs 8a), is teenwoordig by Moses in die woestyn (vs 4) en by sy volk in Egipte (vs 7). Hy is en was en sal wees – vir altyd: die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy is altyd oral teenwoordig. Hy is alomteenwoordig. Hy, die Here, is persoonlik teenwoordig. Hy praat, Hy sien, Hy hoor.

Hy IS – soos die vuur in die doringbos is. Die vuur brand, maar brand nie uit nie. Dit hou aan brand. So gaan die teenwoordigheid van die Here nie weg of verby nie. Hy bly, Hy is altyd teenwoordig – die heilige, almagtige en genadige God. In sy heiligheid is Hy soos vuur tot wie 'n mens nie kan nader nie. In sy almag beheer Hy die natuur (vuur in die doringbos), die lewens van enkelinge (Moses, Aaron en die farao) en van volkere (vs 8). In sy genade nader Hy tot die mens en openbaar Homself as die God wat teenwoordig is, wat die nood van sy volk sien en hulle hulproep hoor. Sy almagtige, heilige en genadige teenwoordigheid beteken uitkoms en redding vir sy volk. Nie net toe vir die Israëliete nie, maar ook vandag vir gelowiges – die ware Israel (Gal. 6:16).

In Jesus Christus het die teenwoordigheid van die heilige, almagtige en genadige God vir ons verlossing gebring. Verlossing uit genade – van sonde en van die dood. Verlossing om in die teenwoordigheid van God te lewe. Nie eers eendag in die hemel nie, maar nou hier op aarde – elke dag. Die Here Jesus is by ons (Matt. 28:20). Die Here, die Heilige Gees is nou en ewig by ons (Joh. 14:16).

Mag die Here, die God wat IS, Homself aan ons openbaar sodat sy lewende teenwoordigheid elke oomblik vir ons 'n werklikheid sal wees.

Sing: Psalm 100:1, 4; 105:2, 3 (1936); Psalm 31:7; 105:2 (2001)

Ds. FM Dreyer (Noordrand)